SKOLE
ondersteuningsentrum

Mediaverklaring

Beter bestuur van onderwysbegroting is nodig

2019-02-21

Dit is vir die SOS verblydend dat die minister van finansies weer gister onderneem het om die gehalte van onderwys en opleiding in Suid-Afrika te verbeter en belangrike vaardighede aan leerders oor te dra.

Die grootste persentasie van Suid-Afrika se begroting word tans aan onderwys en kultuur bestee. Volgens die Suid- en Oos-Afrika-Konsortium vir die Monitering van Onderwysgehalte (SACMEQ) presteer Suid-Afrika op dieselfde vlak as Uganda wat onderwysstandaard betref, maar Suid-Afrika spandeer 18 keer meer per kop aan onderwys as Uganda. Kenia presteer aansienlik beter as Suid-Afrika, maar spandeer minder aan onderwys. “Dit sal dus nie help om bloot meer geld na die probleem te gooi nie,” sê Buys. “Dit is veral belangrik dat geld wat vir onderwys bewillig word, reg bestuur word. Suid-Afrika bestee reeds ’n groter persentasie van ons inkomste aan basiese onderwys as meeste ontwikkelde lande, maar ons kry nie bevredigende opbrengs op hierdie groot belegging nie.”

Dit is positief dat die tesourie ’n bykomende R2,8 miljard bewillig het om die agterstand in skole-infrastruktuur aan te spreek, aangesien kleiner klasse direk bydra tot beter leerder prestasie. Die SOS hoop dus dat die begroting, saam met die voorsiening vir meer skole en klaskamers, ook aangewend sal word vir die voorsiening van meer poste in skole.

Mboweni het ook heelwat klem geplaas op die belangrikheid van tegnologie in die klaskamer. “Hoewel die SOS meen dit is belangrik om leerders voor te berei op die vierde industriële revolusie, kan tegnologie alleen nie gehalte onderrig verseker nie,” sê Buys. “Die opleiding van gehalte onderwysers moet steeds prioriteit geniet.”

012 612 0234
admin@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za